Nr./No. 84 JULIE 1983

# Pretoriana

## Uitgawe Dr. Willem Punt




TYDSKRIF JOURNAL

VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

OF THE OLD PRETORIA SOCIETY

**Prys R 2,00 Price**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# INHOUD


1. Van die redaksie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2
2. Lewensskets Willem Henry Jacobus Punt – *Willem J. Punt* . . . . . . . . . . . . 3
3. Afkoms en kinderjare – *A.C. de Villiers* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 4
4. Dr W.H.J. Punt – *Dr S Meiring Naudé* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 9
5. Dr Willem H.J. Punt 1900–1981 – *Ton Koot* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 11
6. Dr Punt as onderwysman – *A.C. de Villiers* . . . . . . . . . . . . . . . . . . 15
7. Dr Willem Punt en die Genootskap Oud-Pretoria – *F.J. duT Spies* . . . . . . 17

   A. Ontstaan
   B. Bestuur
   C. Sake uit die notule
   D. Skilderye
   E. Straat- en plekname
   F. **Pretoriana**
   G. Ou geboue
   H. Wapen
   I. Die Holfordplan en Kerkplein
   J. Die Bras Pereirahuis

8. Die aandeel van dr W.H.J. Punt in die daarstelling van die Gedenktuin in Maputo, ter herinnering aan die Louis Trichardt-trek – *J de W. Trichardt, voorsitter van die Louis-Trichardt-genootskap* . . . . . . 30
9. Waar die Van Rensburgtrek in 1836 vermoor is – *Dr W.H.J. Punt* . . . . . . . 31
10. 'n Reis met dr Punt in 1976 – *Hannes Meiring* . . . . . . . . . . . . . . . . . 35
11. Stigtings en ander organisasies – *A.C. de Villiers* . . . . . . . . . . . . . . 39
12. Publikasies – *F.J. du T. Spies* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 40
13. Artikels van historiese aard – *A.C. de Villiers* . . . . . . . . . . . . . . . . 42
14. Rolprente en skyfies – *A.C. de Villiers* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 46
15. "Sy belangstelling in ons volksverlede" – *Dr G.W. Eybers* . . . . . . . . . . . 46
16. Begrafnis . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 47
17. Voorsittersverslag. Jaar 1982/1983 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 49




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# VAN DIE REDAKSIE

Die lewe van elke persoon word begrens deur twee datums, geboorte en dood. Die van dr Punt is 26 April 1900 en 22 Mei 1981. Gebore op Elandsfontein (Germiston) is hy in Pretoria oorlede. Geografies is die twee plekke nie ver van mekaar nie. Maar in hierdie geval lê 'n hele menselewe daartussen. Hierdie uitgawe van *Pretoriana* word aan die lewe en werk van hierdie man, dr Willem Punt, gewy. Dit spyt ons dat dit so laat, meer as twee jaar na sy oorlye, verskyn, maar omstandighede het meegebring dat dit nie vroeër kon nie. Hiermee vereffen die *Genootskap Oud-Pretoria* 'n ereskuld en bring 'n, hoewel laattydige, hulde aan sy stigter en geestelike leier. Ons dank aan al die persone en instansies wat aan hierdie uitgawe meegewerk het, by name die volgende:

Mnr Ton Koot en die redaksie van die maandblad *Zuid-Afrika* vir toestemming om die voortreflike artikel van eersgenoemde in die uitgawe van Junie 1981 hier te herdruk. Mnr Koot was 'n goeie vriend en geesgenoot van dr Punt en, soos bekend, 'n vooraanstaande beyweraar vir die bewaring van historiese geboue en ander kultuurgoedere in Nederland. "Hy sê dinge wat ek self graag sou wou gesê het", het hy by geleentheid van dr Punt gesê na die twee saam die Kruger-wildtuin besoek het.

Dr S Meiring Naudé, nasionale voorsitter van die Stigting Simon van der Stel, en die redaksie van *Restorica* vir toestemming om sy artikel uit die uitgawe No 10, Desember 1981, oor te neem.

Mnr Hannes Meiring vir sy artikel oor 'n reis wat hy in 1976 saam met dr Punt en mnr George de Souza, 'n kameraman van die Suid-Afrikaanse Filmraad, rondom die wêreld onderneem het, op die spoor van oud-Hollandse geboue in Brasilië, die eertydse Nederlandse Antille, Taiwan, Hongkong, Macao en Sri Lanka.

Mnr J de W Trichardt, voorsitter van die Louis Trichardt-genootskap vir sy oorsig van die aandeel van dr Punt aan die oprigting van die Trichardt-gedenktuin in Maputo.

Mej A C de Villiers vir haar BA(Hons)-skripsie oor dr Punt, wat deur mnr Willem Punt aan ons ter beskikking gestel is. Sy het kennelik in 1974, die jaar van die skripsie, persoonlike onderhoude met dr Punt gehad. Uiteraard is dit nie doenlik om 'n hele skripsie oor te neem nie. Daarom is brokstukke of uittreksels daarvan gebruik, onder andere 'n nuttige lys van historiese artikels en ander publikasies van dr Punt. Aangesien die skripsie in 1974 geskryf is, sewe jaar voor sy lewenseinde, is dit natuurlik nie volledig nie. Ons verontskuldiging aan die skryfster vir die wyse waarop haar geskrif opgebreek is.

Die redaksie van *Koedoe* vir 'n gedeelte van dr Punt se artikel "Waar die Van Rensburgtrek in 1836 vermoor is", wat uit die uitgawe 3/1960 oorgeneem is.

Die familie Punt, meer in besonder dr Punt se oudste seun, mnr Willem Punt, vir foto's en dergelike wat vir hierdie uitgawe beskikbaar gestel is.

Origens het skrywer hiervan probeer om dr Punt se aandeel aan die Genootskap Oud-Pretoria te skets aan die hand van enkele sake uit die notule wat in die begindae op sy inisiatief aangepak is.

Daar is by die skrywe hiervan nog enkele beloofde artikels uitstaande en hulle kan hier dus nie genoem word nie. Die moontlikheid dat hulle nog kan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

opdaag en opgeneem word is egter nie uitgesluit nie. So ook ons dank daarvoor.

To our English-speaking readers we apologise for having been unable to obtain any English-language contributions for this issue.

## LEWENSKETS
## WILLEM HENRY JACOBUS PUNT

Gebore te Elandsfontein (Germiston) ZAR op 26 April 1900. Vader was Jacob Punt van die NZASM, gebore te Amsterdam 1870, oorlede te Pretoria 1960. Sy moeder was Cecile H. Ruwers gebore te Hilversum 1879, oorlede te Pretoria 1965. Daar was een broer, Jacobus Johannes Pieter, oorlede Pretoria 1904, ouderdom 18 maande en suster Cecille Jacoba (Cobie), oorlede Pretoria 1973. Haar ouer suster, mev Cecile de Ridder, woon nog in Pretoria. Dr Punt laat vyf kinders, vyf skoonkinders en dertien kleinkinders en een agterkleinkind agter. Die moeder is mev Phyllis Emily Punt gebore Barry, van Pretoria.

Willem Punt het sy skoolopleiding aan die Eendracht-Lagere Skool en die Hogere Oost Eind School, behalwe vir 'n onderbreking in 1908 in Nederland, gehad. Hy word onderwyser en behaal sy onderwys-diploma aan die Normaalkollege. Later behaal hy sy B.A. en M.A. aan die Transvaal University College (Universiteit-Pretoria) en in 1953 die D.Phil aan die Universiteit Stellenbosch met die proefskrif "Louis Trichardt se Laaste Skof".

Dr Punt was skoolhoof van Voortrekker-Laerskool 1935–1946 en Danville Laerskool 1946–1959. Hy is die oprigter van Genootskap Oud-Pretoria 1948, Trichardt-Genootskap, grondlegger van die opelugmuseumgedagte 1953, oprigter en eerste direkteur van die Stigting Simon van der Stel en oprigter van die Stigting Jan van Riebeeck, waardeur die Van Riebeeckhuis in Culemborg gered en gerestoureer word. Die Stigting Simon van der Stel se groot bewaringsprojekte; Fort Merensky en Bothsabelo, Coornhoop, Tulbagh- en Graaff Reinet-huise, Macrorie House, Bradshaw-meul, word gedurende sy direkteurskap 1959–1973 aangepak. Hy word opgevolg deur sy seun Willem 1973–1978. Vanaf 1974–1979 was dr Punt honorêre geskiedenisadviseur van die Stigting Simon van der Stel.

Hy het persoonlik daarin geslaag om die Boere-Oorlogteëltablos, nou in Bloemfontein, uit Nederland vir Suid-Afrika te verkry, asook die skilderye van goewerneurs M.P. de Chavonnes en Van Plettenberg, mev. Van Plettenberg en Augusta de Mist.

Die stryd om die behoud van die Wesfasade van Kerkplein is deur dr Punt in 1948, met die oprigting van die Genootskap Oud-Pretoria, begin – 'n stryd wat hy later 1975–1980 as lid van die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein help voortsit het. Dr Punt was ook 10 jaar lank lid van die ou Historiese Monumentekommissie.

Dr Punt se navorsing oor die Voortrekkerroetes lei in 1941 tot die ontdekking van die Trichardt-graftes in Lourenço Marques waar in 1968 die Tregard-Trek-Gedenktuin ingewy word.

Eerbewyse wat dr Punt ontvang het is onder andere die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns se erepenning, die Stigting Simon van der Stel en Stigting



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Jan van Riebeeck en die Trichardt-Genootskap se erepennings. Die Stadsraad van Lourenco Marques se erepenning ontvang hy in 1968. Op 27 Julie 1981 is in die Tuynhuis in Kaapstad die Staatspresident se Dekorasie vir Voortreflike Diens postuum aan Willem H.J. Punt toegeken.

*W. Punt (Oorgeneem uit begrafnisaankondiging)*

## AFKOMS EN KINDERJARE

Op 3 Februarie 1870 is Jacob Punt, vader van dr Punt, in Amsterdam gebore. Sestien jaar later ondergaan hy sy militêre diensplig aldaar en binne ses jaar word hy bevorder tot onder-offisier. Op die jeugdige ouderdom van 22 jaar is hy alreeds tweede luitenant by die Sewende Regiment Infanterie van Amsterdam.

Kort hierna besluit hy om sy broer na die Z.A.R. te volg. Hy vertrek in 1893 met die "Tartar" na die Kaap en net soos sy broer tree hy in diens van die toenmalige Nederlandsch Zuid-Afrikaanse Spoorweg Maatschappij (N.Z.A.S.M.) te Elandsfontein (vandag Germiston). Hy begin as goedereklerk, maar deur harde werk vorder hy binne drie jaar tot aflos-assistent-chef. Hy werk onder ander op Boksburg, Braamfontein, Johannesburg. Pretoria en Nelspruit. In 1898 word Jacob Punt die asst.-stasiechef van Elandsfontein.

Intussen ontmoet hy nog 'n oud-Amsterdammer in die persoon van Cecile Henriette Ruwers (haar vader was die stasiechef van Randfontein) en op 20 April 1899 tree hulle op Krugersdorp in die huwelik en vestig hulle op Elandsfontein. Net voor die uitbreek van die oorlog tree hy op as waarnemende chef van Germiston. Op 26 April 1900 sien hul eersteling Willem Henry Jacobus die lig en word in die Irene-kerk deur ds. P.G.J. Meiring gedoop.

Intussen het die oorlog in Oktober 1899 uitgebreek en begryplik is die N.Z.A.S.M. en sy werknemers ook by die oorlog betrek. Die families Punt en Ruwers was lojaal aan die Boere. "Met die uitbreek van die oorlog", vertel dr Punt, "is Oupa Ruwers deur die N.Z.A.S.M. aangesê om met die burgers na die Colesberg-front te gaan. Daar het hy, as Z.A.R.-stationchef van Burgersdorp, spoorweg-vervoer vir die kommando's en publiek gereël. Toe die Boere moes terugtrek is hy saam met die burgers na Bloemfontein. Na 'n paar dae diens op Bloemfonteinstasie is hy weer terug na Johannesburg. Om die Engelse te vertraag het hy die sleutels van die seinapparate saamgeneem en langs die pad weggegooi".

Van die aankoms van die Engelse op die Rand vertel dr Punt: "My ma gaan op die spoorbrug staan om te kyk hoe die laaste N.Z.A.S.M.-trein na Pretoria vertrek. Kort-kort hoor sy 'n gefluit om haar, toe sien sy dat die Engelse voorhoede die trein reeds voorgekeer het. Die gefluit om haar was Engelse koeëls! Elandsfontein was ingeneem! Kitchener laat al die N.Z.A.S.M.-personeel daar en dan gevange neem. Maar nou moet daar manne wees om die spoordiens te reël. Generaal Kitchener vra wie van die personeel in Engelse diens sou oorgaan. My pa en al die Hollanders weier voor die voet."

In dié atmosfeer het die jong Willem Punt opgegroei en dit moes onwillekeurig 'n groot indruk op sy ontvanklike kindergemoed gemaak het.

As gevolg van sy militêre opleiding in Nederland is Jacob Punt na Natal



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Willem Punt in Groningen, Nederland in 1903, kort voor terugkeer na Transvaal.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gestuur om die militêre verkeer van die Boere te reël. Interessant is die feit dat hy in bevel was van die trein wat Winston Churchill (toe nog 'n jong oorlogkorrespondent) na Pretoria moes vervoer. Hy het ook generaal De Wet se kommando vervoer. Later, net voor die Rebellie, het hy en De Wet mekaar in Pretoriusstraat raakgeloop en genl. De Wet het Jacob met 'n uitgestreke hand tegemoet gekom en hom bedank vir sy goeie werk tydens die oorlog wat nie onopgemerk by die genl. verbygegaan het nie. Vir sy uitstaande werk het Jacob ekstra vergoeding van sy maatskappy ontvang, maar die oorlog het 'n negatiewe wending vir die Boere begin neem; die gety het gekeer.

Nou breek moeilike tye aan vir die Punt-gesin. Die personeel van die N.Z.A.S.M. word gevange geneem en in die plaaslike skool opgesluit en hul vrouens moes hul van voedsel voorsien. Vir vroue en kinders is geen voorsiening gemaak nie. Werkers is met verloop van tyd losgelaat, maar nie die chefs en hoofde nie. Met die aankoms van 'n nuwe Britse offisier gee Jacob voor dat hy 'n gewone werker is, word vrygelaat en vlug met sy vrou en kind na Johannesburg (met van die stasiesleutels in sy besit!). Lank het hulle die nuutgevonde vryheid nie gesmaak nie of die Engelse kom hul fout agter, spoor vir Jacob op en deporteer die gesin na Holland. Nou begin die ontberings en vernederings eers. Hulle word na Oos-Londen vervoer in oop trokke in haglike omstandighede. Mev. Punt se dagboek getuig egter van haar sterk karakter en vermoë om te organiseer en kop te hou in benouende en chaotiese toestande. Ook die rit per boot was ewe ongerieflik en daar is swaar afskeid van Suid-Afrika geneem.

Die gesin vestig hulle agtereenvolgens op Noordwyk aan Zee, Groningen en Arnhem, waar 'n suster vir willem, Cecile, in 1901 gebore word. Die verlange na Suid-Afrika en veral Transvaal was maar steeds aanwesig en mev. Punt het haar bearbei vir Boere-noodleniging. Met die vrede van Vereeniging besluit hulle om hulle weer in Transvaal te gaan vestig. Toestemming hiervoor is van koning Eduard VII verkry en hulle ontvang ook vergoeding vir die verliese wat hulle gely het. Met die stoomboot "König" vertrek hulle teen die einde van 1903 vanuit Ymuiden na Kaapstad.

Willem Punt, 'n skamele drie jaar oud, herinner hom nog dat hy saans in die eetsalon op 'n rooi tapyt albasters uit 'n Van Houten-Cacao-blik gespeel het. Van Kaapstad is die gesin per trein na Transvaal waar hulle met die Ruwers-gesin herenig is. In Pretoria huur Jacob 'n huisie op die noordoostelike hoek van Du Toit- en Skinnerstraat maar kon geen werk vind nie. Veral die feit dat hy tydens die oorlog Krugergesin was, tel geweldig teen hom. Alle poste is vir Engelse gereserveer. Hy en sy broer Egbert open 'n tabakwinkel in Markstraat, maar dit was alles behalwe florerend en die inkomste onvoldoende. Die gesin verhuis weer en nou verhuur hulle kamers as aanvulling tot hul karige inkomste. Die gesin word verder beproef deur die afsterwe van hul jongste seun.

Willem onthou nog dat hy saam met sy moeder aan die einde van 1904 (16 Desember) by die Suzannazaal in Vermeulenstraat na die herbegrafnis van pres. Kruger staan en kyk het. Hy onthou veral die met swart bedekte perde.

Jacob vul sy inkomste aan deur boekhouer te wees vir die kleremaker Pearlman in Pretoriusstraat.

In 1906 word Willem en Cecile Punt leerlinge aan die Staatsgimnasiumskool (Engelsmedium) en hul vorder goed. Die jong Willem was veral goed in tekenwerk en is na st. 1 oorgeplaas, maar dit was vir hom moeilik veral aangesien die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

taalmedium vreemd was en mettertyd het skool vir hom 'n nagmerrie en uiters onaangenaam geword as gevolg van dikwels onregverdige afranselings.

In 1908 is mev. Punt, haar seun en twee dogters na Holland met die "Commonwealth", vir 'n tydperk van een jaar. Hulle kuier in Noordwyk en loseer daarna op die Overtoom in Amsterdam. Aangesien die Jan Pieter Heyerskool langs hulle huis was, is Willem en Cecile daar opgeneem en vorder weereens goed.

In Maart 1909 keer die gesin met die "Durham Castle" terug via Southampton en Kaapstad en vestig hulle weer in Pretoria, Strubenstraat 290. In April 1909 is al drie die kinders na die "Eendracht Lagere School" waar hulle een standerd teruggeplaas is weens gebrekkige kennis van Engels, maar met harde studie beland hulle onder die eerstes van die standerd twee-klas. Die helfte van die vakke is deur medium Engels gegee. "From childhood I have been interested in history and geography. When I was in Std. II, my teacher once had us draw a map on which we had to fill in the street names of central Pretoria. I had to manage on my own, walked around for two days looking up all the street names and was the only one to gain full marks for the assignment", so vertel dr Punt later.

Met die afskaffing van die hoër afdeling van hierdie skool is hy na die Hogere Oost Eind School waar hy in 1918 matrikuleer.

Daar is sekere episodes uit sy jeug wat dr Punt baie goed onthou. In 1914 byvoorbeeld het generaal De Wet sy hand geneem en hom genooi om by hom op sy plaas waatlemoen te kom eet. Van skone verstomming in die teenwoordigheid van die beroemde De Wet kon Willem Punt net 'n stamelende "ja" uiter. In dieselfde tyd (1914–1916) staan dit hom helder voor die gees dat na De Wet se vrylating in 1916 uit die Fort in Johannesburg hy in Pretoria verwelkom is in die White Horse-Hotel in Kerkstraat. 'n Groep van die Oost Eind Hogere School, waaronder ook Willem, het die generaal gaan groet en hy herinner hom die moeë, maer man in die geselskap van dr. H. Van Broekhuysen en ander rebelle. Dit was geen feestelike ontvangs nie, maar die jong seuns het 'n heldeverering vir De Wet gekoester. Die seuns het hom na die begrafnis van mev. Piet Joubert gaan groet en so aangedaan was hy deur hulle heldeverering dat hy hulle met betraande gesig gegroet het.

Tydens die Punts se verblyf in Strubenstraat het die eerste volksraadverkiesing van Transvaal plaasgevind en Jacob Punt was 'n verkiesingsagent vir genl. Botha wat teen Percy Fitspatrick verloor het. As beloning is hy 'n betrekking by die spoorweë aangebied, maar hy weier om 'n Engelse toets af te lê. Die Punts het in Pretoria gebly waar hul kinders opgegroei het. Jacob Punt is in 1960 oorlede en Cecile Punt in 1965.


In 1920 wou Willem Punt gaan studeer. Dr Hjalmar Reitz wat vroeër jare by die Punts 'n kamer gehuur het, was toe L.U.K. en hy help hom om met 'n beurs toegelaat te word tot die Normaalkollege in Pretoria.

In 1922 behaal hy die Onderwysers-derdeklassertifikaat ($O_3$) en in 1923 die B.A.-graad aan die TUK met hoofvakke Geografie en Ekonomie. In 1930 behaal hy die tweedeklas onderwysersertifikaat ($O_2$) en in 1932 die M.A.-graad in Aardrykskunde aan die Universiteit van Suid-Afrika met 'n skripsie oor "The geographic influences on the economic and commercial development of the Springbok Flats". Eers in 1953 volg sy Ph.D.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch op grond van sy baanbrekerswerk "Louis Trichardt se laaste skof".

*A.C. de Villiers*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services






Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DR W.H.J. PUNT

*Dr S. Meiring Naudé, nasionale voorsitter van die Stigting Simon van der Stel*

Willem Henry Jacobus Punt is op 26 April 1900 te Germiston gebore. Hy woon die volgende skole by:

Staatsgimnasium, Pretoria – 1906
Jan Pieter Heyerskool, Amsterdam – 1908
Eendrachtskool, Pretoria – 1909–1916
Oost Eind Hoërskool, Pretoria – 1917–1918

In 1925 behaal hy die Tweedeklas Onderwysersertifikaat aan die Normaalkollege in Pretoria, daarna die B.A.-graad in 1923 aan die Transvaalse Universiteitkollege (TUK) en die M.A.-graad in aardrykskunde in 1932 aan die Universiteit van Pretoria. Hy slaag ook in die kapteineksamen in 1933 aan die Militêre Kollege in Pretoria.

Hy begin sy loopbaan as klerk in die Staatsdiens 1919–1920 en lê hom daarna toe op die onderwys in Brits (1920), Die Normaalkollege (1921–22), Randjesfontein (1923), Brakpan (1924–26), Voortrekkerhoogte (1926–28), en Suidskool, Pretoria (1929–35). Hy word skoolhoof van die Voortrekker Laerskool (1936–46) en die Danville Laerskool (1947–58). Intussen gee hy ook nauurse lesings aan TUK in 1925 en 1928 en aan die Tegniese Kollege, Pretoria van 1934–45.

Van 1953 tot 1968 was hy lid van die Historiese Monumentekommissie en van 1960 tot 1970 lid van die Raad van Heraldiek.

In 1958 slaag hy daarin om met die hulp van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns die Stigting Simon van der Stel op te rig om ons Kaap-Hollandse erfenis asook die pionierswonings in die binneland vir die nageslag te bewaar. Op die stigtingsvergadering in die Kasteel de Goede Hoop in April, 1959 word hy tot die eerste direkteur benoem. Hierdie amp het hy tot September 1974 beklee en daarna was hy tot 1978 die kultuur-historiese adviseur van die Stigting.

Gedurende die tyd dat hy direkteur van die Stigting was, is vyf eiendomme in Kaapland, twee in Transvaal en een in Natal aangekoop en gerestoureer, duisende rand vir bewaring ingesamel en 4300 lede gewerf. Die eiendomme is Coornhoop in Kaapstad, twee huise in Tulbagh, die Bradshaw-meul naby Bathurst, 'n huis in Graaff-Reinet, die Krugerplaas, Boekenhoutfontein, naby Rustenburg, die Botshabelo-sendingstasie naby Middelburg, Tvl. en die Macroriehuis in Pietermaritzburg. Dr Punt het veel bygedra om Suid-Afrika bewaringsbewus te maak.

Reeds in 1914 toe hy nog 'n seun was het hy begin belangstel in die vasstelling van die roetes waarlangs die Voortrekkers die binneland ingetrek het maar in 1928 het hy in alle erns die taak aangepak. Hy het veral die trekke van Louis Trichardt, Johannes van Rensburg en Hendrik Potgieter nagevors. Dit was die eerste keer dat terreinnavorsing oor die geografiese aspek van die Groot Trek in Suid-Afrika aangepak is. Hierdie navorsing is saamgevat in 'n proefskrif "Louis Trichardt se Laast Skof" waardeur die Ph.D-graad in 1952 deur die Universiteit van Stellenbosch aan hom toegeken is.

In 1945 het hy die begraafplaas van die Trichardt-trek in Lourenço Marques vasgestel. In 1953 kom 'n Louis Trichardt-monumentfonds tot stand en R70 000 word daarvoor ingesamel. Daarmee word die begraafplaas gekoop en 'n Gedenk-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

tuin word met behulp van die argitek J. de Ridder in 1963 voltooi.

As lid van die Historiese Monumentekommissie het hy 'n groot aantal historiese plekke en geboue nagevors en vir proklamasie aanbeveel. Sodoende is die Staatsmodelskool in Pretoria gered en die Militêre Hoofkantoor en huise in Artillerieweg geproklameer. In Natal het Bloedrivier, Congella en Elandslaagte sy aandag geniet, en in Noord-Transvaal Schoemansdal en die verskillende paaie na die Ooskus. Ook het hy vasgestel waar die Van Rensburg-trekkers aan die Limpopo in Mosambiek vermoor is.

In 1945 het hy met behulp van dr. Jan Ploeger die feestelike herdenking van die opening van die ZASM-spoorlyn na Delagoabaai in 1895 deur die Staat in Pretoria gereël.

Die volgende publikasies het uit sy pen verskyn: Louis Trichardt se Laaste Skof; The White Walled Beauty of the Cape; Our Cape Gables; Voortrekker Routes in Africa; Die Anglo-Boere Oorlog Teëlalbum en die Eerste Europeane in die Nasionale Krugerwildtuin.

Hy het hom beywer vir die behoud van die Jan van Riebeeckhuis in Culemborg, Nederland en is die oprigter van die Van Riebeeckstigting in Suid-Afrika.

Deur sy toedoen is die unieke teëlpanele van die Anglo-Boere oorlog in Rotterdam in 1971 vir Suid-Afrika gekoop en ontbrekende teëls in Nederland vervaardig. Hierdie versameling word tans in die Oorlogsmuseum in Bloemfontein uitgestal.

Hy het ook die portrette van goewerneur en barones van Plettenberg asook van die goewerneur de Chavonnes en sy vrou vir die Kasteel de Goede Hoop opgespoor.

Die waterverfskilderye van Oud-Pretoria (1885–1890) deur Whitehead is deur hom in St. John, Newfoundland, aangekoop en is tans in die besit van die Stadsraad van Pretoria.

Hy het goue pennings vir kultuur prestasie van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns en vir dienste i.v.m. bewaring in Suid-Afrika van die Stigting Simon van der Stel ontvang. Hy het silwerpennings ontvang van die Historiese Monumentekommissie vir 15 jaar diens i.v.m. historiese bewaring, van die Stigting Simon van der Stel vir die koop en restourasie van Boekenhoutfontein asook silwerpennings van die Stadsraad van Lourenço Marques, vir die organiseer van die ZASM-fees in 1945 en die Ton Koot-penning vir die bewaring van ons Hollandse erfenis in Suid-Afrika en Nederland.

In 1981 is die Dekorasie vir Voortreflike Diens postuum deur die Staatspresident aan hom toegeken vir sy groot bydrae tot bewaring in Suid-Afrika.

Hy was getroud met mej. Barry. Uit die huwelik is 3 seuns en 2 dogters gebore. Dr. Punt is op 22 Mei 1981 in Pretoria oorlede.

(oorgeneem uit *Restorica* No. 10, Desember 1981)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DR WILLEM H.J. PUNT 1900–1981

De eik is geveld.

Met een eik mochten wij hem graag vergelijken, als een toonbeeld van kracht maar ook met een rhinoceros (renoster) om zijn bijna onstuitbaar doordrijven, als hij meende in zijn recht te staan.

Dr Willem Punt is geveld door de gevaarlijke ziekte, die hem de jongste tijd teisterde. Op 22 mei j.l., is hij in Pretoria verscheiden.

Hiermee is zijn land een grondig kenner van zijn volken met hun gebruiken, van zijn geschiedenis en van zijn grondstoffen, ontvallen.

Hij was een standvastig en hartstochtelijk verdediger van zijn taal en zich diep bewust van de verbondenheid met zijn moederland: Nederland.

Dat de regeringen van Nederland van de laatste jaren dit negeerden was een zaak, die hij niet kon vatten en hem ernstig verdriete.

De breuk tussen Nederland en Zuid-Afrika heeft hij nooit kunnen en willen begrijpen, ook omdat hij altijd door vrijwel iedereen, die hij in Nederland ontmoete, vriendschappelijk werd ontvangen en met hen discussieerde. Dat sterkte hem in de overtuiging, dat de volken elkaar goed gezind waren, maar dat het enige onwetenden en vijandig gezinden in de politiek en de landsregering waren, die de verwijdering veroorzaaakten en handhaafden.

Willem Punt werd op 26 april 1900 te Elandsfontein (Germiston) geboren uit Nederlandse ouders. Zijn vader was een Kruger-Hollander, die zelf oorspronkelijk uit Amsterdam kwam. Willem genoot zijn opleiding aan die Oosteind's Hogere School, studeerde aan het Pretoriaans Onderwijs College en aan het Transvaalse Universiteitscollege, waar hij zijn Magistersgraad met aardrijkskunde als hoofdvak verwierf. In 1923 werd hij schoolhoofd.

Na 37 jaar sloot hij zijn onderwijscarière af in Pretoria Danville.

Willem Punt voelde zich sterk aangetrokken tot de geschiedenis van zijn land, waarover hij veel heeft gepubliceerd. Zijn dissertatie wijdde hij aan de pionier Louis Trichardt. Dienst laatste trek volgde hij op de voet tot de Delagoabaai, een reis, die hij meter voor meter heeft geregistreerd.

Twintig jaar lang maakte hij studiereizen en expedities langs de lange en moeizame trek van deze voortrekkersleider. In 1952 promoveerde hij hierop bij prof. dr. H. Thom te Stellenbosch. Zijn dissertatie verscheen in 1953 als boek, onder de titel 'Louis Trichardt se laaste skof'.

Dr Willem Punt's tweede leven begon op 8 april 1959, toen de Stigting Simon van der Stel, zijn geesteskind, in het kasteel te Kaapstad tot leven werd gewekt. Hijzelf werd de eerste directeur. Hij was al eerder de stichter van het Genootscahp Oud-Pretoria, het Trichardt Genootschap, hij werd lid van de Monumentenraad, de Raad van Heraldiek, bestuurslid van de Nederlandse Stichting Jan van Riebeeckhuis, die wij samen in het leven hebben geroepen, en de Zuidafrikaanse Stigting Jan van Riebeeck.


De Stigting Simon van der Stel is voor Zuid-Afrika de particuliere instelling, die zich ten doel stelt, de bewaring, de conservatie en het herstel van onroerende en roerende monumenten van cultuur en geschiedenis.

Haar eerste taak was om de burgerij voor deze gedachte wakker te maken en zich bewust te maken van eigen cultuur.

Dr. Punt was hierin de centrale figuur, de stuwende kracht.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Ekspedisie van 1946 by Komatiepoort van Lorenço Marques op pad terug. "Links van my maj Alfredo P de Lima, ons Portugese medereisiger."*



*Ekspedisie van 1938 by Matsambo, op die linkerwal van die Limpopo. Van links na regs: Mnr Shirley, mnr (later regter) F. Steyn, mnr Prinsloo, Mnr Willem Punt, mnr C Smit en prof F.E. Plummer*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Zijn eerste grote reis was naar Europa, voor eigen rekening. Het heeft ons altijd verwonderd, dat nooit een subsidiërende instelling op de gedachte is gekomen om Punt in de gelegenheid te stellen zich op dit gebied te oriënteren. Al spoedig ontmoetten wij hem in Holland. Uiteraard zou ik zeggen, omdat sinds de VOC in 1652 aan de Kaap een groentetuin en halfwegstatie stichtte, Holland de voedster en de bron was van alle, dus ook van alle culturele, activiteiten.

Sindsdien liepen de werkzaamheden van de Stigting Simon van der Stel parallel aan de strijdbare werkzaamheden van de organisaties in Nederland en België, waaronder vooral die van de Bond Heemschut en de Vereniging Hendrick de Keyser. De noeste vechter en taaie volharder, die Punt was, heeft zich veelvuldig gelaafd aan de sprankelende bron van ervaring in Nederland in de zestiger jaren.

In eigen land werd hij de autoriteit op het gebied van de invloed van de VOC en haar kopstukken. Dat uitte zich onder meer in de bewaring van bouwwerken, zoals de Kaaps-Hollandse 'plaatsen' en de betere kennis van haar geschiedenis. In het Noorden ging zijn bijzondere belangstelling uit naar de Transvaalse bouw onder Nederlandse invloed. Waar wenselijk en mogelijk sprong hij op de bres om oorspronklijke waarden grondig te bestuderen en dan met kracht van argumenten onder brede aandacht te bregen.

Zo was een van zijn eerste daden in de in dit opzicht zo moeilijke tij, de restauratie van de schuur bij Kaapstad, bekend onder de naam Coornhoop. Dat was de plek waar de eerste vrijburgers onder Jan van Riebeeck gronden toegewezen hadden gekregen en dit huis bouwden.

Zowel Jan van Riebeeck als Willem Adriaen van der Stel werden van bepaalde zijde wel eens in een kwaad daglicht gesteld. Wie dat zei, vond zeker Willem Punt tegenover zich.

Samen met hem hebben wij de aanzet kunnen geven tot een galerij van portretten van Hollandse commandeurs en gouverneurs in Kaapstad. Dat betrof opsporen en fondsen verwerven. Hetzelfde geschiedde met een grote serie tegels van veldslagen uit de Anglo-Boerenoorlog, die omstreeks 1900 de Transvalia-bioskoop in Rotterdam sierden en achter het behang vandaan kwamen. Zij zijn nu ginds in veilige handen en vertolken een stuk bevrijdigingsgeschiedenis van het volk.

Een bedenklijke, door een Nederlander in Duitsland uitgebrachte dissertatie, om de Kaaps-Hollandse huizen onder de Groot-duitse invloedssfeer te brengen, werd op haar plaats gezet. De opgeblazen invloed die aan de vroege betekenis van de Hugenoten-immigranten werd toegeschreven, heeft hij ten aanzien van hun invloed op de cultuur, teruggebracht, zij het dat die nog telkens de kop op steekt.

Dr. Punt heeft veel en graag gereisd. Niet alleen naar Nederland om nieuwe kennis, geestdrift en strijdkracht op te laden, maar als wetenschapsman reisde hij naar de plekken waar de compagnieën haar invloed hadden laten gelden in Afrika aan de Goudkust, in Mozambique, op Mauritius, naar de Antillen, Curaçao, Aruba en Suriname, naar Brazilië.

Na zijn terugkeer schreef hij zijn bekend geworden artikel ' 'n Vergete Wereldrijk'. Hij kritiseerde daarin die neiging om Italiaanse, Spaanse, Griekse en Amerikaanse bouwstijlen te imiteren. Hij bevorderde de Kaapse gevelbouw, als deel van de culturele erfenis van zijn volk, die hij een wezenlijk bestanddeel van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

diens beschaving noemde. Als hij daarbij niet altijd even tactvol uitviel en tegenstand opwekte, mag dat geweten worden aan zijn gedrevenheid.

In 1966 bij de door mij georagniseerde cursus Heemschut en Monumentenzorg, die een maand duurde, bracht hij acht landgenoten mee, om tezamen met tien Vlamingen, van deze voordrachten en excursies te profiteren.

Hij wekte met succes op, tezamen met enige stridgenoten, om gelden bijeen te brengen om de restauratie van Jan van Riebeeck's geboortehuis te verzorgen. Die restauratie is geslaagd, evenals een inrichting, echter de Culemborgers zagen geen kans de status van museum te handhaven.

Met kracht heeft hij aangedrongen op verbeterde wetgeving en restauratiemethoden op het gebied van de bewaring, die wij Monumentenzorg noemen.

Hij heeft vele poorten geopend bij culturele instellingen en universiteiten om het mij op mijn verschillende reizen door Zuid-Afrika onder het Cultureel Akkoord mogelijk te maken en betere bescherming van monumenten te bepleiten. Hij was de stuwende kract waardoor Paul Kruger's plaats Boekenhoutfonten in Noord Transvaal kon worden verworven, gerestaureerd en ingericht.

Door zijn streven op taalgebied, om te waken tegen verdringing van Nederlandse woorden door vreemde invloed, betoonde hij zich een volledige heemschutter. In het Bulletin, dat hij tezamen met dr. Jan Ploeger redigeerde, heeft hij van 1958–1974 heemschut in zijn land tot een begrip weten te maken.

Op zijn 75e verjaardag mocht ik hem in Pretoria de penning van verdienste, die mijn naam draagt, namens de Bond Heemschut, overhandigen.

In 1974 trad hij af als directuer van de Stigting Simon van der Stel, maar hij bleef zelf actief o.m. in de bescherming tegen de aantasting van het Kerkplein te Pretoria.

Hoeveel onbegrip en laksheid dr Punt moge hebben ontmoet, het heeft hem evenmin aan begrip en waardeirng ontbroken. De Nederlands Zuidafrikaanse Vereniging eerde hem in 1977 voor zijn verdiensten op het terrein der Nederlands-Zuidafrikaanse betrekkingen met de toekenning van haar Jan van Riebeeck-penning.

In zijn laatste levensjaar zag hij zich van Staatswege erkend met een hoge Zuidafrikaanse burgerlijke onderscheiding. Eerder werd een straat achter zijn huis naar hem vernoemd. Een museum kreeg zijn naam. Die Punt-museum is een in 1898 in Sunnyside gebouwde villa Mea Vota, die tot monument is geproclameerd en die als museum het leven en wonen in Pretoria zal weerspiegelen.

Door veelvuldig optrekken met hem door Nederland, België en zijn eigen land, weet ik, hoezeer hij gekend, geacht en geëerd werd, hoewel in zijn eigen land door sommigen ook gevreesd vanwege zijn ongezouten kritiek. Hij werd allerwege geraadpleegd en was de historische en volksundige vraagbaak van burger en autoriteit.

Ik besef, dat in dit overzicht niet al zijn activiteiten, zijn verdiensten en beïnvloeding zijn opgesomd. Dat zou meer ruimte vergen en ook anecdotische gegevens moeten bevatten, want hij had een sterk ontwikkeld gevoel voor humor. Zo had hij de neiging zijn slappe tegenstanders tot papbroeken te verklaren of remschoenen. Als hij weer een taalverbastering constateerde, kon hij uitroepen: Don't you worry, dat zal veranderen. Als ik hem dan opmerkzaam maakte, dat ik 'don't you worry' geen zuiver Afrikaans vond kon kon hij in lachen uitbarsten en toegeven: jij is reg, man!



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Van Nederlands standpunt zou ik nog willen opmerken, dat bij het ontbreken van een Nederlandse instelling, zoals Engeland die heeft in The British Council, Frankrijk in het Maison Descarte en Duitsland in het Goethe Institut, wij als Nederlanders in de persoon van dr. Willem Punt een steunpunt hadden, die in zijn eentje de Nederlandse cultuur met kracht en overtuiging uitdroeg.

Wij zijn hem in dit opzicht zeker grote dank verschuldigd. Hij laat een lege plaats achter, die niet gemakkelijk evenwaardig door een jong kracht zal worden opgevuld.

Het is een belevenis van betekenis om zo'n markante figuur onder je vrienden te hebben mogen rekenen.

*Ton Koot* (oorgeneem uit *Zuid-Afrika*, Junie 1981)

## DR PUNT DIE ONDERWYSMAN

Dr Punt gee tydelik onderwys op Randjiesfontein en Wonderboom-Suid, gevolg deur sy eerste permanente aanstelling op Brakpan. Nie lank daarna nie bevind hy hom weer in Pretoria en wel op die personeel van die Robertshoogteskool (tans Genl. Andries Brinkskool). Daarna is hy na die "Railway School" (tans Suidskool) as onderhoof. In 1935 word hy hoof van die Voortrekkerskool, maar hierdie skool word in 1946 gesluit en hy word aangestel as hoof van die Danvilleskool. Dr Punt het gedurende sy loopbaan hoofsaaklik aan mindergegoede leerlinge onderwys gegee.

Mnr. C.F. Hendrikz noem 'n paar faktore vir dr. Punt se sukses met hierdie kinders. Hy het aangedring op harde werk en gereelde toetse en eksamens. Verder het hy die deelname aan buitemuurse aktiwiteite sover moontlik aangemoedig. Hy word dan ook in 1937 asook in 1938 voorsitter van die Pretoria Laerskool Atletiekvereniging. Dissipline was vir hom besonder belangrik en dit het gekulmineer in 'n kadetafdeling aan sy skool. Weereens is dr Punt hier vir sy leerlinge 'n navolgingswaardige voorbeeld deurdat hy in 1953 'n spesiale medalje van die verdedigingsmag ontvang vir 25 jaar troue diens as kadetoffisier.

Hy maak sy leerlinge trots op hul skool deur hom te beywer vir 'n pragtige skoolterrein met net inheemse blomme en plante. Hy kweek by sy leerlinge 'n liefde vir hulle eie en waardering vir die mooie daarvan. Hy neem ook die leiding tydens Pretoria se Eeufees in die Skooltuinkompetisie vir die laerskole van Pretoria. Om sy leerlinge die geleentheid te bied om ook ons land te sien, stig hy 'n Van Riebeeckreisfonds. Verder was hy ook 'n stigterslid van die kring van Afrikaanse Skool hoofde en lid van die T.O.

Ten slotte kan ek meld dat al sy arbeid nie ongemerk verbygegaan het nie. Waar sal 'n beter waardering vir sy werk gevind word as juis die blote feit dat die ouers en die inwoners van Danville op een stadium aanbeveel het dat die Danvilleskool se naam verander word en dat dit na dr. Punt vernoem moes word, maar dr. Punt het die plan teengestaan.

*A.C. de Villiers.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services